

Deur God geskape ...



Sabbatmiddag

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Genesis 1-3, Handeling 17:28, Psalm 148 en 24:1, Genesis 4:1-9, Mattheus 22:37-39, Openbaring. 14:7.

Geheueteks:

“Iemand wat ’n arm mens verdruk, beledig die Een wat hom gemaak het. Hy wat hom oor ’n arme ontferm, eer God” (Spr. 14:31, NLV).

Het jy al ooit hard gewerk om iets te maak – dalk ’n kunsvlytprojekkie, ’n maaltyd of iets anders wat kreatiwiteit vereis – en dan breek dit of word dit deur die ontvanger verwerp? Indien wel, kan jy tot ’n mate met God simpatiseer – Hy wat die aarde geskep en die mens lewe geskenk het, moes toekyk hoe sy skepping deur sonde verniel word. Die Bybel sê dat God die aarde op ’n weldeurdagte wyse geskape het, en dat dit boonop “baie goed” was. Hoe die Here oor sy handewerk gevoel het, blyk duidelik uit die skeppingsverhaal in Genesis 1 en 2. Dit is juis teen dié agtergrond dat ’n mens die sondeval van hoofstuk 3, asook God se groot verdriet toe Hy uiteindelik die geskape mens moes konfronteer, moet lees.

Wonder bo wonder het die Here nou nog ’n sagte plekkie vir dié planeet – en dit na millennia van sonde, geweld, ongeregtigheid en openlike rebellie. Wat meer is: Tydens die daarstelling van God se verlossings- en herskeppingsplan vir die aarde word die mensdom daarby ingesluit. Ek en jy en ander gelowiges het elkeen ’n rol in die vervulling van daardie omvattende plan te speel. Hoewel ons God se genade sonder verdienste ontvang het, roep dit ons nietemin tot ’n bepaalde lewenstaak, naamlik om medewerkers van ons Heer en Heiland te wees. Wat ’n gewigtige en gewyde taak!

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 6 Julie.*

God: 'n Blik op die skepping

Die aarde en alle lewe daarop, die lewensgawe en wat ons daarmee doen, die lewens van almal om ons en die interaksie wat ons met mekaar het, asook die lewenspad en hoe om dit reg te bewandel – al hierdie begin by God, “want deur Hom lewe ons, beweeg ons en bestaan ons” (*Hand. 17:28, NAB*). Die verhaal van die lewe begin só in die Bybel: “In die begin het God die hemel en die aarde geskape” (*Gen. 1:1, OAB*). Wat leer ons uit die feit dat Hy dit m.b.v. die gesproke woord letterlik “in die lewe geroep het”? Dat God se mag, asook sy skeppingsproses, die menslike verstand totaal en al te bowe gaan. Tog het God nie sy skeppingswerk op 'n afstand verrig nie. Hy was intiem daarby betrokke, veral met die skepping van die heelerste man en vrou (*les Gen. 2:7*).

Lees die verhaal oor die skepping van die heelerste mense, in Genesis 1:26-31. Watter belangrike dinge kom hier aan die lig, aangaande God en aangaande die mens?

Sommige sê dat die natuur, asook die tyd wat ons daar deurbring, ons 'n blik op die aard en wese van die Skepper bied. Tog kan 'n mens ook die Here as vertrekpunt gebruik – hoe ons Hóm verstaan ten einde insae in die wêreld voor die sondeval, soos God dit oorspronklik geskep het, te verkry. Byvoorbeeld: As die Skepper 'n God van orde is, behoort dit tog neerslag in die skepping te vind. Neem ook die oortuiging dat die Skepper 'n God van kreatiwiteit is. 'n Mens is dus tekens van bomenslike skeppingskrag te wagte.

Insgelyks glo ons dat die Here 'n God van interpersoonlike verhoudings is, en daarom is bande deel van die geskape wêreld se onderbou. Elke deel is met betrekking tot die ander dele geskep. Die een spesie staan in 'n vasgestelde verhouding tot ander spesies, 'n bepaalde ewewig heers onder hulle. Die mens is ook so geskep dat daar 'n bepaalde band tussen God en mens, tussen mens en medemens, en tussen ons en die res van die skepping is.

In vele opsigte is ons kennis oor God beperk. Tog behoort die bietjie wat ons van Hom en sy karakter weet, ons stof tot nadenke te bied. Dit noop 'n mens om te vra: Hoe is die wêreld eintlik veronderstel om te wees en te werk.

Die wêreld kan dus 'n weerspieëling van God se karakter wees, en dit ten spyte van die ooglopende skade wat sonde aangerig het. Hoe help dié siening ons egter in ons pogings om die wêreld beter te verstaan?

'n Volmaakte wêreld

Dit is so maklik om nostalgies oor Eden te raak, as die verlore tuiste van die mens. Die Bybel gee ons net 'n kort beskrywing van daardie tuin wat God as woonplek vir Adam en Eva geskep het. Tog wek dit 'n diepe verlange by die gelowige. Hoewel ons nie mooi weet hoe so 'n wêreld daar uitsien en werk nie, begeer ons tog om dit self te ervaar. Klaarblyklik het die ongerepte aarde ook die Skeppergod in vervoering gehad. Met 'n diepe tevredenheid, en die gevoel dat alles volmaak en reg is, het Hy sy handewerk aanskou. Die Skrif sê: “Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed” (*Gen. 1:31, NAB*). God het iets gemaak wat beide mooi en funksioneel was. Die ontwerp was uitmuntend, in vorm en in werking. Dit was die ene lewe en kleur. Tog was al die nodige stelsels en prosesse vir die behoud en florering van lewe fyn ingestel. Dit is ook geen wonder dat die Here telkens teruggestaan het om Hom in die goeie wat Hy gemaak het te verlustig nie.

Lees Genesis 1. In die skeppingsverhaal lees 'n mens telkens: God het “gesien” dat een of ander iets “goed” was. Die vraag is net: Hoekom dié sinsnede herhaaldelik gebruik, wat beteken dit hier? Lees Gen. 1:4, 10, 12, 18, 25 en 31.

Hoewel die Bybel eers lank na die skepping en sondeval geskryf is, verheug die bybelskrywers hulle in die wonders van die natuur. Let byvoorbeeld op Job 38 tot 41, asook Psalm 148. Hou veral in gedagte dat hierdie skrifgedeeltes nie 'n terugblik op 'n vergange wêreld is nie. Dit is nie die pasgemaakte natuur voor die koms van sonde waarvan hulle praat nie. Allermens. In hierdie beskrywings het God se handewerk weliswaar hul oorsprong in die sondelose verlede, tog duur dit voort tot in die sondige hede, as 'n viering van die goeie wat steeds in die wêreld te bespeur is. Jesus het telkens elemente uit die natuur as voorbeeld van God se goedheid en barmhartigheid gebruik (*let byvoorbeeld op Matt. 6:26, 28-30*) – met die aanbeveling dat ons 'n kinderlike vertroue in die Here moet hê, en dat ons ons in die eenvoud van die natuur, wat ons met soveel wonders omring, behoort te verlustig. As ons ons oë oopmaak en die skeppingwonders aanskou, sal ons besef dat ons gewis die ontvangers van al die Skeppergod se uitmuntende gawes is. Die vraag is dus: Hoe behoort ons – selfs te midde van beproewings – hierop te reageer? Met 'n gees van dankbaarheid, erkentlikheid en nederige verootmoediging voor die Gewer van alle goeie gawes. As Sewendedag-Adventiste – mense wat beide die skepping vier én na God se komende koninkryk uitsien – behoort ons te besef dat die skoonheid en vreugde en goeie van die lewe wat ons sien en ervaar, ons 'n kykie bied – op 'n pragwêreld wat was en een wat eendag weer sal wees.

Dink 'n bietjie aan die wyse waarop jy die natuur geniet. Vir watter van die natuurwonders wat God geskape het, het jy 'n besondere waardering? Hoe kan jy deur daardie natuurwonders die Here daaglik beteer leer ken?

Rentmeesters van die aarde

Volgens die Bybel was die tuin van Eden en die nuutgeskape aarde plekke van oorvloed, geskape sodat dit aanhoudend lewe kon voortbring en veral vir die mens genot kon verskaf. Tog het die Here dit so beskik dat die eerste mensepaar, asook al hul nasate – d.w.s. die ganse mensdom – ’n aktiewe rol in die skepping moet en moes speel. Dit het sommer gou-gou duidelik geword dat Adam en Eva ’n toonaangewende rol op die nuwe aarde sou speel, en nie net a.g.v. die volgorde waarin alles geskep is nie. Eers ontvang Adam die opdrag om al die diere en voëls hul name te gee (*lees Gen. 2:19*). Kort daarna speel hy weer ’n leidende rol. Dié keer word Adam [en ook Eva] se nuwe rolle as ’n seëning uit die hand van God bestempel: “Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: ‘Wees vrugbaar, vermeerder, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor die diere wat op die aarde kruip’” (*Gen. 1:28, NAB*).

Lees en vergelyk Genesis 1:28 en 2:15. Beskryf in ’n sin of twee wat die mens se Godgegewe taak was, en steeds is?

Te veel kere is Genesis 1:28 al in die verlede as ’n skuiwergat vir uitbuiting gebruik, partymaal selfs tot die vernietiging van die natuur. Die aarde is inderdaad tot voordeel van die mens, vir ons behoud en genot, geskep. Tog bly dit ons verantwoordelikheid “om dit te bewerk en op te pas,” soos Genesis 2:15 dit so netjies in die NAB beskryf. Wanneer die kwessie van rentmeesterskap aangeroer word, dink die meeste mense dadelik aan geld. Tog is die Bybel se eerste oproep tot rentmeesterskap juis om na die aarde wat God geskape en in ons sorg gelaat het, om te sien. Hierdie bevel is ook gegee met die oog op die aarde as ’n gesamentlike tuiste, ’n planeet wat Adam en Eva aanvanklik met hul kinders en met al die toekomstige geslagte sou deel. In die oorspronklike Godsplan was die nuutgeskape aarde ’n ewige bron van lewe, goedheid en skoonheid vir elkeen op aarde, en Adam en Eva moes ’n belangrike rol in die versorging van daardie tuiste speel. Nietemin behoort dié ou wêreld steeds aan God (*lees Ps. 24:1*), en word ons steeds tot rentmeesterskap geroep oor al die dinge wat Hy ons skenk. Miskien kan ’n mens ook, ten slotte, ’n verdere afleiding hieruit maak – dat ons verantwoordelikheid as rentmeesters soveel groter in ’n gevalle wêreld is.

Wat beteken dit vir jou om vandag ’n rentmeester in hierdie gevalle wêreld te wees? Hoe behoort daardie verantwoordelike besef jou daaglikse handel en wandel te beïnvloed?

'n Gebroke wêreld

Dit is 'n gawe wat slegs Adam en Eva beskore was, maar nie die res van die skepping nie: die vryheid om morele keuses te maak. Adam-hulle was morele wesens, iets wat die plante, diere en bome nooit sou kon wees nie. Dit beteken ook dat God se kosbare kinders kon kies om nie aan Hom gehoorsaam te wees nie. Tog het die Here vryheid van keuse toegelaat, wat toon hoe hoog Hy daardie voorreg aanslaan. Nietemin het Hy die ganse skepping op die spel geplaas, omdat Hy 'n groter doelwit in gedagte gehad het: om 'n vriendskap met die geskape mens te hê, 'n band wat in liefde en vrye wilbesluit gegrondves was en is. Ongelukkig was daar ook 'n vernietiger, een wat die goeie en volmaakte van God se nutgeskape wêreld wou ontwig, en wat die kroon van God se skepping – die mens – daarvoor wou inspan. (So duidelik was vryheid van keuse ook die engele beskore.) Deur die slang het Satan toe begin om die saadjies van vertwyfeling te saai: Is die dinge wat God julle geskenk het werklik voldoende? Miskien ontbreek iets? (*lees Gen. 3:1-5*). Die groot versoeking hier was 'n ontevredenheid met die dinge wat God sy kinders reeds geskenk het, en 'n begeerte na meer. Adam en Eva het die goedheid van God in twyfel getrek en het eerder op hul eie insigte staatgemaak. Met daardie besluit en optrede is die onderskeie bande wat God se skepping ongeskonde gehou het – die skepping soos Hy dit ontwerp het – gebreek. Die vriendskap tussen Adam en Eva en God – daardie vriendskapsband waarvoor hulle spesiaal geskep is – het gely (*lees Gen. 3:8-10*). Skielik besef die tweetjies dat hulle letterlik en figuurlik naak is, en hulle kry skaam. Boonop was die breuk tussen man en vrou byna onherstelbaar. Hul band met die res van die aarde het ook skade gely. Voortaan sou daar 'n gespanne verhouding tussen mens en natuur wees.

Lees Genesis 3:16-19. Wat sê hierdie skrifgedeelte vir ons oor die wyse waarop die verhouding tussen mens en natuur geskaad is?

Die realiteite van sonde was plotseling met hulle. Vir die eerste keer kry Adam en Eva, asook die res van die skepping swaar. Die gevolge van sonde kon nie afgemaak word nie. Dit was en is steeds 'n werklikheid. Die uitwerking wat sonde het, is veral in die mensdom self en in ons interpersoonlike verhoudings te siene. In 'n sekere sin is daar nou 'n wig tussen ons en die Een wat ons geskep het. Die gesinseenheid word ook op velerlei maniere daardeur geaffekteer. Om met mekaar oor die weg te kom, is ook dikwels 'n uitdaging. Die verhouding tussen ons en ons aardse woning is ook maar troebel. Elke denkbare sy van die menslike bestaan en die natuurlewe weerspieël die gebrokenheid wat sonde meebring. Tog is dit nie hoe God die aarde geskape het nie. Die “vervloekings” van Genesis 3 bevat ook 'n belofte – dat God 'n manier sou vind om die aarde te herskep en die gebrokenheid wat sonde in die skepping veroorsaak het, te herstel. Te midde van ons stryd teen sonde en die gevolge wat dit in ons lewens bring, roep die Skeppergod ons tot die bewaring van die goeie wat Hy geskape het, en tot 'n aktiewe uitleef van God se herskeppingsplan vir die wêreld.

Die mensdom – saamgeweef in God

Sedert sonde op die toneel verskyn het, het dinge sommer gou-gou al verder agteruit begin gaan. Jaloesie, misverstand en woede het dinge tot op die spits gedryf: die eerste moord is gepleeg, en dit tussen bloedbroers. Die Here het ook vir Kain ondervra, met die oog op 'n belydenis. Kain se antwoord hierop is retories en boonop ironies: “Ek weet nie. Moet ek dan my broer oppas?” (*Gen. 4:9*). Met sy vraag sê God indirek: “Ja, jy is beslis jou broer se oppasser.”

Lees Spreuke 22:2. Wat impliseer hierdie oënskynlik eenvoudige stelling? Wat sê dit oor die verhouding tussen ons en ons medemens?

Elke liewe persoon wat ons ontmoet, is 'n skepsel van God wat na sy beeld geskape is. Al die bande tussen ons is die weefsel wat ons saambind in sy skepping, al is daardie bande gehawend of plek-plek deurgeskaaf vanweë sonde. “Ons word almal saamgeweef in die bande van ons menswees. Binne die gesinsband van die mensdom werk dit só: Die een se bedreiging beteken dat die ander ook in gevaar is” (Ellen G. White, *The Ministry of Healing*, bl. 345). Of ons dit nou wil weet of nie: vanweë hierdie gemeenskaplike band het ons 'n Godgewe verantwoordelikheid teenoor die Skepper en teenoor mekaar (lees Matt. 22:37-39).

'n Mens lees dit deurgaans in die Skrif, die stelling dat God die Skepper van die alles op aarde is. Dit is, byvoorbeeld, een van die redes vir die hou van die Sabbat (lees Eks. 20:11) en vir die aanbidding van God in die eindtyd (*lees Op. 14:7*). Dit word ook aangegee as die hoofbeweegrede vir medelye met ander, m.a.w. dat ons ons oor die minderbevoorregtes ontfarm.

Ons is onderling verbind deur ons gemeenskaplike oorsprong in die Here. “Wie 'n arm mens verdruk, beledig sy Maker; wie hom oor 'n arm mens ontfarm, eer God” (*Spr. 14:31, NAB*). Kan daardie band enigins duideliker wees? Die Here is ons Skepper, daarom het Hy 'n aanspraak op ons ganse lewe, insluitende ons aanbidding, asook ons diens en versorging van ander. Hoe moeilik en frustrerend en ongerieflik dit af en toe ook al mag wees, ons is en bly inderdaad ons broer en suster se oppasser, soos die Woord sê.

Hoekom dink jy is God se aanspraak as Skepper 'n deurlopende tema in die Skrif? Hoekom is dit so belangrik? Maak dit enigins 'n verskil in die manier wat ons ander hanteer? Hoe so?

Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White – “The Creation” op bl. 44-51 in *Patriarchs and Prophets*. “ ‘God is liefde’... Sy wese – sy wet – is liefde. Dit was nog altyd so, en sal altyd so wees. ‘Hy wat hoog en verhewe is... wat ewig leef en wie se Naam die Heilige is’ [NAB], die Een wat my ‘die ewige weg’ wys, verander nie. By Hom is ‘daar geen verandering of skaduwee van omkering... nie’ [OAB]... “Elke keer wat sy skeppende mag openbaar word, is dit ’n uitdrukking van sy oneindige liefde. Die opperheerskappy van God beteken ook dat Hy al sy skepsels oorvloediglik seën” (Ellen G. White, *Patriarchs and Prophets*, bl. 33).

“As die mens tog net sy verpligtinge as getroue rentmeester van Gods middele wou nakom, dan sal niemand ooit om ’n broodjie hoef te bedel, of armlastig of sonder klere hoef te wees, of enige ander vorm van gebrek hoef te ly nie. Dit is vanweë ons troueloosheid dat die mensdom in die heersende wurggreep van lyding beland het... God het die mens as sy rentmeesters aangestel; en ons behoort nie die lyding en ellende, en die nood en behoefte van die mensdom, voor sy deur te lê nie. Hy het oorgenoeg voorsiening vir die ganse mensdom gemaak” (Ellen G. White, *Welfare Ministry*, bl. 16).

Vrae vir bespreking:

1. Let weer versigtig op Ellen G. White se laaste stelling hierbo. Wat sê sy eintlik? Voor wie se deur is meerderheid van die armoede wat die wêreld tans beleef, te lê? Wat sê dit vir ’n mens oor die belangrikheid van getroue rentmeesterskap?
2. Na duisende jare van gebrokenheid deur sonde is die vraag net: hoe kan ’n mens steeds die goeie in die skepping sien? Ons glo tog in die Skeppergod. Hoe kan ons nou ander mense help om die goedheid van God se skepping raak te sien?
3. Wat verstaan jy onder die begrip rentmeesterskap? Het enigiets in vandeeweek se les jou dieper insigte in die betekenis en uitleef van rentmeesterskap gegee, siende dat die Here ons daartoe geroep het?
4. Gestel dat elkeen wat jy teëkom ’n denkbeeldige kaartjie dra wat sê: **GESKAPTE NA DIE BEELD VAN GOD**. Hoe kan dit die wyse waarop ’n mens by jou medemens aansluiting vind en hom/haar behandel, verander?

Opsomming:

God het ’n goeie en volmaakte wêreld geskape. Daarna het Hy die mens, wat na sy beeld geskape is, daarvoor aangestel om dit te “bewoon” en te “bework” (NAB). Sonde het weliswaar ons vriendskap met mekaar en met die wêreld – daardie vriendskappe wat God ons by die skepping geskenk het – in die wiele gery. Tog het ons steeds ’n rol op aarde te speel, as rentmeesters van die goeie in die skepping en as oppassers van ons medemens. Deur die uitvoer van daardie taak wat ons opgelê is, kan ons die Here as Skeppergod eer.